ZXSWS - Verklaring van Finale Dividend

Senwes Beperk –aandeelkode ZXSWS
ISIN: ZAEZ00000018

("die Maatskappy")

Kennisgewing van verklaring van 'n finale en spesiale dividend

KENNIS WORD HIERMEE GEGEE dat die Raad van Direkteure van die Maatskappy op 1 Julie 2021 'n finale dividend, dividend nr. 41, van 32 sent per aandeel verklaar het vir die finansiële periode geëindig 30 April 2021, onderworpe aan bekragtiging deur aandeelhouers by die algemene jaarvergadering.

Daarbenewens het die direksie ook 'n spesiale dividend nr. 42 van 26 sent per aandeel goedgekeur. Beide hierdie dividende, wat in totaal 58 sent per aandeel beloop (minus dividendbelasting), sal saam op die Betaaldatum betaal word.

Belangrike datums vir aandeelhouers van gewone aandele

	Datum 2021
Laaste verhandelingsdag (finaliseringsdatum)	Woensdag, 25 Augustus (cum dividend)
Rekorddatum vir dividend	Donderdag, 26 Augustus voor 8:00
Algemene Jaarvergadering	Donderdag, 26 Augustus
Betaaldatum	Donderdag, 2 September

Aangesien die Maatskappy op ZAR X genoteer is, sal die dividend elektronies deur STRATE Beperk direk in die bankrekeninge van aandeelhouers betaal word.

Dividendbelasting teen 'n koers van 20% sal van die bruto dividend per aandeel teruggehou word, tensy 'n aandeelhouer vir vrystelling kwalifiseer. Na die terughouding van dividendbelasting, sal die finale dividend 25,6 sent per aandeel beloop en die spesiale dividend sal 20,8 sent per aandeel beloop.

Die Geïntegreerde Verslag vir 30 April 2021 sal op die webtuiste www.senwes.co.za beskikbaar wees, of die Senwes maatskappysekretaris kan gekontak word. Die volledige finansiële jaarstate sal gedurende Julie 2021 gepubliseer word.

In opdrag van die raad van direkteure.

EM Joynt (Mev)
GROEP MAATSKAPPYSEKRETARIS
Tel nr. (018) 464 7104

Klerksdorp
1 Julie 2021